DEUR CONETTE LE ROUX

'My geloof in kuns'

Dit is die Groot Kunstenaar wat aan skeppendes hulle talent gee. En juis daarom kies sommige kunstenaars om hulle geloof in hulle kuns te laat gestalte kry.

KUNS EN KINDERS

Hermien van der Merwe

Een van Hermien se tekeninge, getiteld "Koningskind", spruit uit die woorde in Efesiërs 5:1. "Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg." Die vrou in die tekening dra 'n protea as kroon.

Daar is oral proteas in **Hermien van der Merwe (41)** van Durbanville se mees onlangse kunswerke te sien. Daar is die tekeninge van verskillende proteas in vase – met versteekte, geskrewe geestelike boodskappe; daar is die skilderye van proteas met driedimensionele blare; daar is protea-geïnspireerde kandelare; daar is haar "lig vir die wêreld"-reeks. Onder andere.

Hierdie ma van Carla (12), Mari (10) en Roelf (7) se pad met kuns het reeds vroeg begin. Jonk-jonk het haar ouers 'n klein Picasso in haar gesien – en op ses het sy reeds haar eie kunsateljee gehad: 'n Wendyhuisie agter in hulle erf.

Hermien, wat kunsonderwys op Stellenbosch geswot het, het aanvanklik daaraan

Koningskind